



FAKTORE OM TE OORWEEG TYDENS AANPLANT VAN KANOLA



Kanola wat gesny is.

Kanolaproduksie vind plaas gedurende die winter onder reën omstandighede. Die optimum planttyd is van middel tot einde April in die Suid-Kaap en die begin van Mei tot middel Mei in die Swartland.

Goeie gewasvestiging is van kardinale belang om maksimum potensiaal opbrengs te bereik. Kanola het klein saad, daarom word die beste ontkieming bereik wanneer dit in goeie vog geplant word teen 'n egalige, vlak diepte. Plant die saad in 'n ferm saadbed omdat goeie grondkontak van die saad belangrik is. Die kanolasaad kan nie genoeg vog absorbeer om te ontkiem indien onvoldoende grondkontak van die saad nie plaasvind nie, wat lei tot 'n verminderde en/of onegalige ontkieming.

Saaidigtheid (kg/ha) sal afhang van die 1 000 pitmassa (saadgrootte) en ontkiemingspersentasie (saadkwaliteit). Die optimum aantal

plante (per m²) by oes het gewissel tussen 35 en 50 (saaidigtheid van 3,0 kg/ha tot 4,8 kg/ha). Wanneer grondvog toestande en die saadbed nie optimaal is nie, is dit raadsaam om die saaidigtheid te verhoog met 1 kg - 1,5 kg. Wanneer probleme met slakke, isopoda's of insekte wat die saailing beskadig, verwag word, word dit aanbeveel dat die nodige voorsorgmaatreëls getref word.

Die **keuse van die kultivar** is van die uiterste belang. Kanola kultivars word verdeel in drie groepe, konvensionele, triasiënverdraagsaam (TT) en imidasoloonverdraagsaam (CI). Die chemiese verdraagsaamheid van die kultivars bepaal hul groep. Die aktiewe bestanddele simasien en atrasiën, kan gebruik word op TT-kultivars. Die voordeel is dat hierdie chemikalieë van 'n ander aksiegroep is as wat normaalweg op koring gebruik word, wat sal verhoed dat weerstand teen onkruid-doders voorkom. Op die CL-kultivars kan imidasoli-

noon gebruik word. Dit is 'n Groep B onkruidodder en in sommige gebiede het wydverspreide weerstand plaasgevind teen Groep B onkruidodders. Daar is oopbestuifde en baster kultivars onder die konvensionele en TT-kultivars. Die saad van baster kultivars is duurder, maar hul groeikrag en opbrengspotensiaal is beter as die oopbestuifde kultivars. Die gebruik van saad wat op die plaas gehou is, word nie aanbeveel nie, want dit het 'n laer opbrengspotensiaal. Die opbrengs van baster-saad wat op die plaas gehou is, toon 'n afname van tussen 21% en 85% tydens proewe.

Kanola vereis **kunsmis** en hoë insette per ton saad van makro-voedingstowwe, stikstof (N), fosfor (P), kalium (K), en swael (S) in vergelyking met ander gewasse, is nodig. Die opbrengs van kanola is gewoonlik sowat 50% wat van koring verwag word in dieselfde jaar. Die voedingsbehoefte (per hektaar) van kanola is soortgelyk aan koring. Die voedingsbehoefte sal wissel na gelang van die grondtipe, reënval, rotasie en potensieële opbrengs (Wes-Kaap gemiddelde opbrengs is 1,3 ton/ha). Die gemiddelde hoeveelheid makro nutriente wat deur die saad verwyder word in 1 ton is, N: 40, P: 7, K: 9 en S: 10.

'n Aantal **insekplae** kan kanola gewasse beskadig; baie is slegs van beperkte belang. Beduidende skade is die meeste geneig om voor te kom na ontkieming en tydens blom en saadvul stadium. Dit is die belangrikste tydperke wat die plant beskerming nodig het. Daar is baie ander insekte, ensovoorts, wat 'n negatiewe ekonomiese impak op die gewas het. Hierdie insekte is slakke, doplose slakke, isopoda's, verskillende plantluise, Amerikaanse bolwurm, snywurms, Rooibeen endvloo, ensovoorts.

Swartstam en Sclerotinia is die **mees skadelike siektes** by kanola na ontkieming. Saadbehandeling kan beskerming bied teen patogene wat saailingverwelksiekte gee. Die meeste kanola saad word ingevoer met fluquinconazol-behandeling wat beskerming teen blackleg gee in die saailingstadium. Swartstam en Sclerotinia kan chemies beheer word, behandeling word slegs aanbeveel indien 'n ernstige infeksie van die siekte verwag word. Wisselbou is die beste beheermaatreël vir die meeste van die siektes, dit kos niks en hoe langer die rotasie, hoe beter.

Om jou kanola potensiaal te maksimeer, is dit noodsaaklik om al die bogenoemde in ag te neem.

Artikel verskaf deur Piet Lombard en Dr Johann Strauss van die Wes-Kaap Departement van Landbou. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na pietl@elsenburg.com en johannst@elsenburg.com.